



The World's Largest Open Access Agricultural & Applied Economics Digital Library

This document is discoverable and free to researchers across the globe due to the work of AgEcon Search.

Help ensure our sustainability.

Give to AgEcon Search

AgEcon Search

<http://ageconsearch.umn.edu>

aesearch@umn.edu

*Papers downloaded from **AgEcon Search** may be used for non-commercial purposes and personal study only. No other use, including posting to another Internet site, is permitted without permission from the copyright owner (not AgEcon Search), or as allowed under the provisions of Fair Use, U.S. Copyright Act, Title 17 U.S.C.*

No endorsement of AgEcon Search or its fundraising activities by the author(s) of the following work or their employer(s) is intended or implied.

DIE MARKPOTENSIAAL VIR ENKELE BELANGRIKE SAGTEVRUGTEPRODUKTE IN SUID-AFRIKA

The market potential for some important soft fruit products in South Africa.

Laubscher
Departement Landbou-ekonomie, [Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch] 7600.

UITTREKSEL

Hoewel die Suid-Afrikaanse sagtevrugtebedryf hoofsaaklik uitvoergerig is, kan die binnelandse mark in die toekoms belangriker word vanweë die bedreiging wat boikotdreigemente en -aksies deur tradisionele buitelandse handelsvennote en die toetrede van nuwe mededingers soos Chili en Brasilië vir die buitelandse afset van sagtevrugteprodukte inhou. Die doel van hierdie artikel is om 'n beeld te skets van faktore wat die binnelandse mark vir sagtevrugte mettertyd kan omvorm. Hierdie beeld kan die grondslag vorm van die ontwikkeling van toepaslike binnelandse bemarkingstrategieë.

1. INLEIDING

Hoewel die Suid-Afrikaanse sagtevrugtebedryf hoofsaaklik uitvoergerig is, kan die binnelandse mark in die toekoms belangriker word vanweë die bedreiging wat boikotdreigemente en -aksies deur tradisionele buitelandse handelsvennote en die toetrede van nuwe mededingers soos Chili en Brasilië vir die buitelandse afset van sagtevrugteprodukte inhou.

Die doel van hierdie artikel is om 'n beeld te skets van faktore wat die binnelandse mark vir sagtevrugte mettertyd kan omvorm. Hierdie beeld kan die grondslag vorm van die ontwikkeling van toepaslike binnelandse bemarkingstrategieë.

Die toekomsbeeld (toekomstscenario's) van die samehang van faktore wat die mark vir sagtevrugteprodukte in Suid-Afrika kan beïnvloed, is ontwikkel met behulp van 'n interaktiewe beplanningssessie met bemarkingsbeleidmakers en ander kenners van die bedryf (Laubscher, 1989: 36-41). Die toekomsgerigte en omgewingsbewuste oriëntasie wat deur die voorgestelde werkswyse vir scenario-ontwikkeling in die hand gewerk word, bring mee dat markvooruitskattings op 'n meer rasionele wyse deur beleidmakers beoordeel kan word en gevolglik tot beter beleidsbesluite aanleiding kan gee.

2. ENKELE FAKTORE WAT BINNELANDSE BEMARKING KAN BEÏNVOED

Die vraag na vrugte is relatief inkomelasties (kyk Tabel 1) en sal dus grootliks deur die *per capita* -inkome (koopkrag) van die bevolking beïnvloed word. Verdere faktore wat vraag kan beïnvloed, is onder andere die grootte, samestelling, verspreiding, lewenstyle, smake en houdings van die verskeidenheid van Suid-Afrikaanse bevolkingsgroepe, en die pryse van sagtevrugteprodukte relatief tot die van ander luukse voedselsoorte.

Hoewel die toekomstige vraagpotensiaal van die Suid-Afrikaanse bevolking, bloot uit 'n getalle-oogpunt gesien (sien Tabel 2), ooglopend groot blyk te wees, wil dit voorkom asof die toekomstige binnelandse markpotensiaal vir sagtevrugteprodukte in aansienlike mate sal afhang van die ekonomiese groeiakoers.

Ekonomiese ontwikkeling in Suid-Afrika word beïnvloed deur onder andere die binnelandse politieke bestel en die verbandhoudende ekonomiese filosofie. Verdere politieke en sosio-ekonomiese hervormings domineer die huidige politieke toneel in Suid-Afrika, maar die eindresultaat is onseker. Uit die oogpunt van ekonomiese vooruitgang gesien, kan sowel 'n sentraalgerigte sosialistiese opset as die huidige sosio-politieke opset in Suid-Afrika nadelige gevolge vir die land inhou.

Met inagneming van die uiteenlopende debat oor hierdie onderwerp, is die besprekings wat volg, gebaseer op die veronder-

Tabel 1 : Inkomelastisiteit van vraag na verskillende voedselgroepe in Blanke metropolitaanse gebiede in 1975

Item	Totaal	Blankes	Swartes	Kleurlinge	Asiërs
Totale besteding aan voedsel	0,59	0,47	0,83	0,58	0,62
Graan en graanprodukte	0,33	0,25	0,51	0,21	0,26
Vleis en vleisprodukte	0,73	0,48	1,19	0,76	0,69
Melk, melkprodukte en eiers	0,50	0,36	0,78	0,81	0,73
Groente en groente-produkte	0,63	0,37	0,95	0,56	0,80
Vrugte, vrugteprodukte en neute	0,95	0,65	1,46	1,51	1,24

Bron: Buro vir Marknavorsing, 1980. UNISA, Navorsingsverslag No. 77.

stelling dat 'n toekomstige binnelandse politieke bestel gegrond sal wees op die beginsels van die kapitalistiese markteconomie wat gekenmerk word deur onder meer:

- vrye mededinging en dus markgerigte ekonomiese bedrywighede;
- private besit van eiendom en persoonlike vryheid wat die keuse van ekonomiese bedrywighede betref;
- 'n relatief lae vlak van owerheidsbetrokkenheid by ekonomiese aktiwiteite, ook wat die regulering van ekonomiese bedrywighede betref; en
- 'n graad van sosiale en politieke stabiliteit in die binneland wat ekonomiese bedrywighede oor die algemeen bevorder.

Dit is nie die doel van hierdie artikel om 'n diepgaande ondersoek van alternatiewe ekonomiese strategieë te maak nie, maar eerder om die moontlike implikasies wat verskillende strategieë vir die binnelandse bemarking van sagtevrugteprodukte inhou, te ondersoek.

Die Buro vir Ekonomiese Politiek en Analise (BEPa) van die Universiteit van Pretoria (Fokus op Ekonomiese Kernvrae, 1985) het drie verskillende strategieë vir die Suid-Afrikaanse ekonomie ondersoek, te wete uitvoergeleide groei, invoervervanging en ordelike verstedeliking. BEPa voorsien 'n ekonomiese strategie gegrond op 'n intergrasie van die drie uitgangspunte. 'n Toekomstige ekonomiese struktuur vir Suid-Afrika kan dus bestaan uit:

- 'n relatief ontwikkelde formele sektor, gekenmerk deur onder andere relatief grootskaalse kapitaalintensiewe produksieprosesse en die indiensname van 'n relatief groter aantal geskoolde werkers; en
- 'n relatief aktiewe en vinnig ontwikkelende informele sektor veral in die hoofmetropole, wat onder andere gekenmerk sal word deur arbeidsintensiewe produksieprosesse op 'n relatief kleiner skaal.

Volgens BEPA kan hierdie strategie 'n ekonomiese groei koers van gemiddeld tussen 3 en 4 persent per jaar tot die jaar 2000 realiseer. 'n Ekonomiese groei koers van tussen 3 en 4 persent per jaar tot die jaar 2000, relatief tot 'n verwagte bevolkingsgroei koers van nagenoeg 2,26 persent per jaar in dieselfde periode (kyk Tabel 2), kan dus 'n aansienlike verhoging in die *per capita* persoonlike inkomme van die bevolking oor die algemeen tot gevolg hê.

Tabel 2: Enkele moontlike demografiese tendense in Suid-Afrika tot die jaar 2000 wat die binnelandse bemerking van sagtevrugteprodukte beïnvloed

	1980		2000		Jaarlikse groei koers (%)
	Getal (⁰ 000)	%	Getal (⁰ 000)	%	
Bevolkingsgetalle:					
Blankes	4 528	16	5 467	12	0,94
Kleurlinge	2 612	9	3 523	8	1,49
Asiate	821	3	1 102	2	1,47
Swartes	20 629	72	34 771	78	2,62
Totaal	28 590	100	44 863	100	2,26
Verstedelikes per bevolkingsgroep :					
Blankes	3 965	89	4 904	90	1,06
Kleurlinge	1 983	77	2 849	82	1,90
Asiate	725	88	1 006	91	1,63
Swartes	8 500	41	20 744	60	4,56
Totaal	15 173	53	29 548	66	3,38
Hoofvestigingsareas van die stedelike bevolking :					
PWV	5 909	39	14 075	48	4,43
Durban-					
Pinetown	1 999	13	4 530	15	4,17
Kaapstad	1 790	12	3 172	10	2,89
PE-Uitenhage	696	5	1 511	5	3,95
Persentasie van bevolking ouer as 15 jaar:					
Blankes	73		80		
Kleurlinge	61		70		
Swartes	57		61		
Totale bevolking	60		64		

* Getalle vir die jaar 2000 behels 'n raming gegrond op die veronderstelling van versnelde groei van Swart verstedeliking en 'n totale opheffing van instromingsbeheer.

Bron: Cilliers en Groenewald, 1982; Grobbelaar, 1983; Spies, 1983; Spies, 1986.

Die aard en omvang van die koopkrag van 'n land se bevolking is egter 'n funksie van sowel die absolute vlak van besteebare inkomme as die verdeling van besteebare inkomme. Uit die oogpunt van markpotensiaal is verwagte tendense van die *per capita* persoonlike inkomme van individuele bevolkingsgroepe dus ook van belang. Volgens Van den Berg (1983) behoort daar, veral teen hoër ekonomiese groei koerse, in die toekoms 'n herverdeling van persoonlike besteebare inkomme ten gunste van veral die Swart bevolkingsgroepe plaas te vind (kyk Tabel 3). So byvoorbeeld word volgens die groeiscenario's van Tabel 3 verwag dat die Swart bevolkingsgroep se deel van die totale besteebare inkomme kan styg met gemiddeld nagenoeg 4,7 persent per jaar van 1980 tot 2000 teen 'n gemiddelde jaarlikse ekonomiese groei koers van 3,5 persent in hierdie periode. Indien hierdie tendens in verband gebring word met die gemiddelde verwagte bevolkingsgroei koers van die Swart bevol-

kingsgroep van 2,62 persent per jaar (kyk Tabel 2) oor genoemde periode, impliseer dit dus 'n aansienlike verhoging in die totale gemiddelde besteebare inkomme by Swartes.

Tabel 3: Tendense van die persoonlike inkomme van die Suid-Afrikaanse bevolking tussen 1970 en 1980 met vooruitskattings tot 2000

	1970	1980	2000 (Drie scenarios)*		
			I	II	III
Totale persoonlike inkomme (R miljoen en in 1980-Rand):					
Blankes	18 069	22 552	35 815	44 591	56 831
Kleurlinge	1 702	2 774	6 179	8 432	11 574
Asiate	602	1 223	3 071	4 295	6 000
Swartes	5 031	10 402	24 313	33 519	46 357
Totaal	25 412	36 951	69 378	90 837	120 762
Persentasie verdeling van persoonlike inkomme:					
Blankes	71	61	52	49	47
Kleurlinge	7	8	9	9	10
Asiate	2	3	4	5	5
Swartes	20	28	35	37	38
Per capita persoonlike inkomste (1980-Rand):					
Blankes	4 789	4 981	6 551	8 156	10 395
Kleurlinge	830	1 062	1 754	2 393	3 285
Asiate	968	1 489	2 787	3 897	5 445
Swartes	328	504	699	694	1 333
Totaal	1 116	1 292	1 546	2 025	2 692

* Die drie scenarios by die jaar 2000 is gebaseer op reële groei koerse in die BBP van onderskeidelik 3,2 persent, 4,6 persent en 6,1 persent per jaar.

Bron: Van den Berg, 1983.

Hierdie tendense, tesame met die verwagte hoër verstedelikingstendens by Swartes van 1980 tot 2000 (Kyk Tabel 2), is 'n stukrag vir 'n sterk toename in die effektiewe vraag na verbruiksgoedere, waaronder voedselprodukte, in stedelike gebiede. Hierdie siening word ook onderskryf deur Van der Walt *et al* (1984: 9-16) en is eweneens gegrond op die veronderstelling dat die huidige tendens in die rigting van 'n relatief meer gelyke verdeling van inkomme ten gunste van die Swart bevolking in die toekoms kan voortduur. Die tendens van 'n sterk jaarlikse toename in die reële inkomme² per Swart werknemer in die nie-landbousektore, gekoppel aan die vooruitsig dat Swartes teen 2010 na verwagting nagenoeg 65 persent van die totale arbeidsmag kan uitmaak, beklemtoon die belangrikheid van Swart koopkrag in die toekoms. Resultate van navorsing oor die invloed van 'n herverdeling van persoonlike inkomme ten gunste van die Swart bevolkingsgroep op die verskillende sektore van die ekonomie toon eweneens dat die vraag na landbouprodukte in die algemeen en spesifiek oor voedselprodukte in die toekoms sterk kan toeneem (Instituut vir Toekomsnavorsing, 1985). In hierdie verband toon BEPA se ontleding dat Swartes na verwagting teen 2000 nagenoeg 40 persent van die effektiewe vraag na verbruiksgoedere kan uitoefen, teenoor nagenoeg 25 persent in 1980. Wat voedselprodukte betref, behoort die Swart bevolkingsgroep se effektiewe vraag teen 2000 na verwagting nagenoeg 60 persent, ofte wel R11 200 miljoen van die totale vraag na voedsel van R18 500 miljoen, te beloop teenoor 44 persent, ofte wel R3 400 miljoen van die totale vraag na voedsel van R7 700 miljoen, in 1980³.

Wat die koopkrag van indiensgeneemdes in die formele sektor betref, toon Tabel 4 die moontlikheid van 'n toekomstige verhoging van die aantal huishoudings wat 'n bestaande behoefte aan relatief luukse voedselsoorte soos sagtevrugteprodukte kan bevredig. Hierdie afleiding berus op die veronderstelling dat hooggeskoolde indiensgeneemdes en persone in uitvoerende poste in die toekoms 'n groter persentasie kan uitmaak van die totale arbeidsmag. Hierdie tendens, gekoppel aan die veronderstelling van 'n relatief hoër gemiddelde *per capita*-inkome gerealiseer deur hoër geskooldes, kan help om die binnelandse markpotensiaal vir sagtevrugteprodukte te

verhoog. 'n Groeiende informele sektor in stedelike gebiede kan help om die *per capita*-inkome van Swartes wat in Tabel 3 in die vooruitsig gestel word, in stedelike gebiede te verstewig.

Tabel 4: Enkele tendense betreffende die *per capita* persoonlike inkomme van die bevolking asook wat indiesname en die geskoolde van die arbeidsmag in Suid-Afrika betref.

	1960	1980	2000**	
			I	II
Persentasie van die totale bevolking in diens geneem	30	26	22	27
Persentasie wat die randgebiedsektor uitmaak van die potensiele aanbod van arbeid	24	30	44	32
<i>Per capita</i> persoonlike inkomme van die totale bevolking (1980-randwaarde)	-	1 292	1 546	2 025
Persentasie geskooldes en halfgeskooldes in arbeidsmag	69	73	76****	
Persentasie geskoolde werknemers en persone in uitvoerende poste in die arbeidsmag	15	18	23****	
Persentasie wat Nie-Blankes uitmaak van die hoogsgeleerde en uitvoerende postegedeelte van die arbeidsmag	22	32	62****	

* Uitgesluit die in die Landbou- en die huisbedienende-sektor.

** Scenario I is gebaseer op 'n ekonomiese groeiakoers van 3,2 persent per jaar, terwyl Scenario II 'n jaarlikse ekonomiese groeiakoers van 4,6 persent tussen 1980-2000 veronderstel.

*** Die randgebiedsektor van die arbeidsmag verteenwoordig die verskil tussen die vraag na arbeid en die potensiele aanbod daarvan.

**** Gebaseer op 'n ekonomiese groeiakoers van tussen 3,2 en 4,6 persent per jaar.

Bron: Grobbelaar, 1983; Dostal, 1984; Roukens de Lange en Van Eeghen, 1984; Van den Berg, 1983.

Verder suggereer die relatief vinniger *per capita* inkommeverhoging by Nie-Blankes relatief tot die van Blankes wat in die vooruitsig gestel word, tesame met die groter wordende persentasie wat Nie-Blankes van die totale arbeidsmag kan uitmaak, dat toekomstige markgroei hoofsaaklik by die ander-as-Blanke bevolkingsgroepe sal plaasvind.

Koepkragtendense in Suid-Afrika kan in die toekoms positief inwerk op die markpotensiaal vir sagtevrugte. Bemerkingsstrategieë word egter beïnvloed deur onder andere die grootte, samestelling, verspreiding, ouderdomstruktuur, gewoontes en leefwyse van die bevolking. Verwagte tendense van hierdie faktore wat die bemerking van sagtevrugte in Suid-Afrika in die toekoms kan beïnvloed, is soos volg:

- 'n Relatief groot toename in die Swart bevolking, wat teen die jaar 2000 na verwagting nagenoeg 35 miljoen of 78 persent van die totale bevolking van 45 miljoen sal uitmaak, teenoor 72 persent of 20 miljoen van die totaal van 28 miljoen in 1980 (kyk Tabel 2).

'n Sterk verouderingstendens kan na verwagting in die toekoms gerealiseer word wat Kleurling, Asiërs en Blankes betref, terwyl die Swart bevolking teen die jaar 2000 steeds as relatief jonk bestempel sal kan word (kyk Tabel 2). Ouderdomstruktuur kan belangrik wees vanweë verskillende sienings en houdings by verskillende ouderdomsgroepe te opsigte van onder andere gesondheidsbewustheid en dus lewensgewoontes en gebruike. Vanweë die groter gesondheidsbewustheid by ouer mense behoort die positiële eienskappe van sagtevrugte in hierdie verband tydens bemerkingstrategieë in ag geneem te word.

'n Sterk verstedelikingstendens, veral wat Swartes betref, kan 'n groter markpotensiaal oor die algemeen tot gevolg hê, omdat 'n stedelike bevolking meer bereikbaar is uit 'n bemerkingsoogpunt gesien. Na verwagting (kyk Tabel 2) kan nagenoeg 66 persent of 30 miljoen van die totale bevolking teen die jaar 2000 in stede woon, teenoor 53 persent of 15 miljoen in 1980. Die stedelike bevolking van Suid-Afrika kan dus meer as verdubbel oor die volgende 25 jaar en teen 2010 sal nagenoeg 75 persent (30 miljoen) van die totale verwagte stedelike bevolking van 39 miljoen waarskynlik Swartes wees, teenoor die 56 persent (10 miljoen) wat Swartes tans van Suid-Afrika se stedelike bevolking van nagenoeg 17 miljoen uitmaak.

Van die verwagte 30 miljoen stedelinge teen die jaar 2000 kan nagenoeg 77 persent in die vier hoofmetropole van Suid-Afrika woon. Van hierdie metropole sal die Pretoria-Witwatersrand-Vereniging-gebied (PWV) na verwagting steeds die belangrikste groeipunt bly en dit behoort bykans die helfte van die totale stedelike bevolking van Suid-Afrika te huisves. Die volgende belangrikste groeimetropool is Durban-Pinetown, wat teen 2000 na verwagting nagenoeg 15 persent van die stedelinge in Suid-Afrika behoort te huisves, gevolg deur Kaapstad met 9 persent en Port-Elizabeth-Uitenhage met 5 persent (Spies, 1987: 451). Swart stedelinge in die hoofmetropole van Suid-Afrika kan verdriedubbel van 1980 tot 2000.

Hierdie omgewingsinvloede dien as uitgangspunt vir die raming van binnelandse vraagpotensiaal sowel as vir die ontwikkeling van toepaslike binnelandse bemerking-strategieë.

3. BINNELANDSE VERBRUIKSTENDENSE VAN SAGTEVRUGTEPRODUKTE

Tendense van die binnelandse verbruik van sagtevrugte sedert 1960 suggereer, oor die algemeen gesien, afnemende jaarlikse groeiakoerse in die binnelandse verbruiksvolume van sagtevrugteprodukte (kyk Tabela 5 en 6). Volgens Tabel 5 het die groeiakoerse van die Suid-Afrikaanse bevolking en die BBP ook afgeplat van 1960 tot 1985. Dit blyk dus dat daar 'n verband bestaan tussen die binnelandse vraag na sagtevrugteprodukte en die groeiakoerse van die bevolking en die BBP. Verder behoort daar in gedagte gehou te word dat die aangeduide verbruiksneigings hoofsaaklik te make het met die "oorskot" - produkte van 'n bedryf wat hoofsaaklik uitvoergerig produseer. Volgens Tabela 5 en 6 blyk die volgende neigings te bestaan:

- 'n Relatief sterk groei van gemiddeld nagenoeg 6 persent per jaar in die binnelandse afset van varsvrugte, dubbel die bevolkingsgroeiakoers, van 2,9 persent per jaar, oor hierdie periode. Die gemiddelde jaarlikse groeiakoers in die binnelandse afset van appels (wat as belangrikste varsvrugtesoort 65 persent van die binnelandse afset van varsvrugte uitmaak) was 7 persent van 1960 tot 1987. Die *per capita* verbruik van varsvrugte, veral appels het dus sterk gestyg oor hierdie periode en beloop tans byna 7 kg per jaar.

Tabel 5: Groeikoers van die volumes van die binnelandse verbruik van onderskeidelik vars-, inmaak- en droëvrugte relatief tot bevolkingsgroei en groei van die BBP van die RSA, 1960 tot 1987, met situatiesketse vir 1968 en 1985

	1968	1985	Gemiddelde jaarlikse groeikoers (%)			R ^{2***}
	('000 ton)**	('000 ton)**	1960-1973	1973-1987	1960-1987	
Binnelandse verbruik						
Varsvrugte	119,0	237,8	8,2	3,6	5,9	0,94
Inmaakvrugte	14,9	25,0	5,7	3,3	4,5	0,79
Droëvrugte	8,8	14,3	3,1	2,2	2,7	0,80
Bevolkingsgroei			3,4	2,4	2,9	0,99
Groei van BBP(reël)			4,9	3,0	4,0	0,98

* Alle volumes verteenwoordig driejaarlikse meeskuiwende gemiddeldewaardes.

** Varsekivalente gewigsmaat, behalwe droëvrugte, in welke geval dit gedroogde gewigsmaat behels.

*** Die vergelyking $Y = b_0 + b_1 T$, met Y = volume (binnelandse verbruik, bevolking en BBP), T = jaar en b_0 en b_1 konstantes, het die hoogste bepaalingskoeffisiënte (R^2) opgelewer. Groeikoerse verteenwoordig die gemiddelde jaarlikse saamgestelde veranderingskoers oor die verskillende periodes en is bereken met die beraamde waardes van die begin- en eindpunt van elke periode as uitgangspunt.

Bron: Verwerk uit gegewens verstrek deur die Sagtevrugteraad, die Raad vir Inmaakvrugte en die Droëvrugteraad, 1988.

Tabel 6: Binnelandse verbruiksneigings van die vernaamste sagtevrugtesoorte, 1960 tot 1987, met situatiesketse vir 1968 en 1985

	1968***		1985***		Gemiddelde jaarlikse groeikoers (%)				1960 tot 1987		R ^{2**}	
	Totale verbruik ('000) (ton)	Per capita verbruik (kg)	Totale verbruik ('000) (ton)	Per capita verbruik (kg)	1960 tot 1973	1973 tot 1987	1960 tot 1987	1960 tot 1987	Totale verbruik	Per capita verbruik	Totale verbruik	Per capita verbruik
Varsvrugte:	119,0	5,8	237,8	7,4	8,2	8,2	3,6	1,9	5,9	2,4	0,94	0,89
Appels	71,3	3,5	157,8	5,0	10,2	4,0	3,9	2,4	7,0	3,2	0,95	0,83
Tafeldruiwe	14,2	0,7	25,2	0,8	3,9	1,3	3,9	1,1	3,9	1,2	0,76	0,22
Perskes	17,4	0,8	24,6	0,8	4,3	0,7	2,5	0,6	3,4	0,6	0,69	0,13
Pere	9,4	0,5	23,9	0,7	6,0	3,1	6,0	3,1	6,0	3,1	0,85	0,65
Pruime	4,3	0,2	4,8	0,2	1,6	(1,2)	1,2	(1,3)	1,4	(1,3)	0,28	0,26
Inmaakvrugte:	14,9	0,7	25,0	0,8	5,7	1,5	3,3	1,5	4,5	1,5	0,79	0,41
Perskes	9,5	0,5	13,0	0,4	3,8	0,9	3,8	0,8	3,8	0,9	0,75	0,13
Pere	3,6	0,2	9,1	0,3	6,8	4,8	6,8	3,0	6,8	3,9	0,89	0,73
Droëvrugte:	8,8	0,4	14,3	0,5	3,1	(0,2)	2,2	(0,3)	2,7	(0,3)	0,80	0,03
Sultanatipes	3,7	0,2	5,1	0,2	4,0	0,3	2,7	0,3	3,3	0,3	0,64	0,01
Vrugtesappe en moese	26,7	1,3	68,9	2,2	****	****	****	****	****	****	****	****

** Die vergelyking $Y = b_0 + b_1 T$, met Y = verbruiksvolume, T = jaar en b_0 en b_1 konstantes, het die hoogste bepaalingskoeffisiënte (R^2) opgelewer, behalwe die aangedui met *, in welke geval die vergelyking $y = ae^{bt}$ 'n hoër R^2 tot gevolg gehad het. In die gevalle waar 'n reguit lyn die beste pasgetal getoon het, behels die groeikoerse wat aangedui word, die gemiddelde jaarlikse saamgestelde koers van verandering, soos bereken met die beraamde waardes van die begin- en eindpunt van die periode as uitgangspunt.

*** Verbruikersvolumes in 1968 en 1985 is bereken deur middel van driejaarlikse meeskuiwende gemiddelde waardes.

**** Nie bereken as gevolg van onvolledige tydreeksdata.

Bron: Verwerk uit gegewens verstrek deur die Sagtevrugteraad, die Raad vir Inmaakvrugte en die Droëvrugteraad, 1988.

- 'n Groeikoers in die binnelandse afset van inmaakvrugte (veral pere) van gemiddeld 4,5 persent per jaar sedert 1960. Die *per capita* binnelandse verbruik van inmaakvrugte het dus sedert 1960 'n geringe styging getoon en beloop tans nagenoeg 0,8 kg per jaar.

- 'n Gemiddelde jaarlikse groeikoers in die binnelandse afset van droëvrugte van tussen 2 en 3 persent (nagenoeg gelyk aan die bevolkingsgroeikoers, maar laer as die jaarlikse groeikoers van die BBP) tussen 1960 en 1987. Die *per capita* binnelandse verbruik van droëvrugte het dus oor hierdie periode nagenoeg konstant gebly op 'n vlak van 0,5 kg per jaar.

- 'n Toename in die *per capita* - verbruik van sagtevrugte in die vorm van vrugtesappe en -moese van 1,27 kg per jaar in 1968 tot 2,19 kg in 1987 tot 2,19 kg

in 1985. Vanweë die gebrek aan volledige verbruiksdata oor die ontledingsperiode is verbruiksgroeikoers van vrugtesappe en -moese nie bereken nie.

Hierdie verbruiksneigings dien as agtergrond vir die uiteensetting van die toekomstige binnelandse markpotensiaal vir sagtevrugteprodukte, in ag nemende die invloed van dominante omgewingskragte wat vraagvolume kan beïnvloed.

4. DIE BINNELANDSE VRAAG NA SAGTEVRUGTEPRODUKTE

Die toename in die mark vir sagtevrugte is 'n funksie van bevolkingsgroei, wat 'n *pro rata*-verhoging in vraag kan verteenwoordig, en die verandering in die *per capita*-verbruik.

Navorsing het aangetoon dat die vraag na vrugte en vrugteprodukte oor die algemeen relatief meer inkomelasties is as die vraag na die meeste ander voedselsoorte (kyk Tabel 1). Daarbenewens is die inkomelastisiteit van die vraag na vrugte

en vrugteprodukte by Nie-Blankes aansienlik hoër as by Blankes. Ook is die inkomelastisiteit van die vraag na vrugte en vrugteprodukte by Nie-Blankes nagenoeg dubbel die inkomelastisiteit van die vraag na voedsel oor die algemeen by hierdie bevolkingsgroepe. Die klem vir toekomstige markgroei vir sagtevrugte in Suid-Afrika val dus in groot mate op hoe die koopkrag van die ander-as-Blanke bevolkingsgroepe in die komende dekades sal groei.

Die moontlike invloed van bevolkingsgroei, bevolkingsamestelling en *per capita* persoonlike inkompe op die jaarlikse groei in die vraag na vrugte tot die jaar 2000 word in die scenario's van Tabel 7 uiteengesit. Die scenario's is gegrond op gemiddelde reële groeikoerse van die BBP van onderskeidelik 3,2 persent 4,6 persent en 6,1 persent per jaar tot 2000. Die ramings is verder gegrond op die gemiddelde koëffisiënte van die inkomelastisiteit van die vraag na vrugte vir die verskillende bevolkingsgroepe (kyk Tabel 1). Die positiewe invloed van ekonomiese groei op vraagpotensiaal blyk duidelik. Teen die gemiddelde ekonomiese groeikoerse van tussen 3 en 4 persent per jaar tot 2000 wat vir die Suid-Afrikaanse ekonomie in die vooruitsig gestel word, behoort die mark vir vrugte volgens scenario 1 van Tabel 7 met nagenoeg gemiddeld 2,5 persent per jaar tot 2000 te styg. Hierdie ramingsmetode blyk realisties te wees in die geval van varsvrugte, aangesien die binnelandse verbruik daarvan tussen 1970 en 1980 met gemiddeld 4,7 persent per jaar gestyg het, teenoor die "beraamde jaarlikse groeikoerse" van ongeveer 5 persent per jaar (kyk Tabel 7) oor hierdie periode.

In die geval van inmaak- en droëvrugte blyk die ramingsmetode relatief liberaal te wees, aangesien die werklike binnelandse verbruik daarvan met onderskeidelik 3,8 en 2,4 persent per jaar gestyg het tussen 1970 en 1980.

Vooruitskattings van die binnelandse vraag na sagtevrugteprodukte teen die jaar 2000 en 2010 word in Tabel 8 aangegee. Twee ramings is gedoen. Die eerste raming behels 'n ekstrapolasie van die binnelandse verbruiksvolumetendense sedert 1960. Die tweede raming is gedoen deur die ekstrapolasie van die *per capita*-verbruikstendense sedert 1960, met inagneming van die verwagte bevolkingsgetalle teen die

jare 2000 en 2010. Beide ramings suggereer 'n afname in die jaarlikse groeikoerse van die binnelandse vraag na die meeste sagtevrugteprodukte. Die dalende groeikoerse van die binnelandse vraag kan enersyds versterk word deur die afname in

Tabel 7: Geraamde gemiddelde jaarlikse groeikoerse in die vraagvolume na vrugte in Suid-Afrika tussen 1980 en 2000

	1970 tot 1980	1980 tot 2000 **		
		I	II	III
Jaarlikse groeikoerse in reële <i>Per capita</i> persoonlike inkompe (%)				
Blankes	0,39	1,36	2,47	3,74
Kleurlinge	2,50	2,63	4,25	5,92
Asiate	4,40	3,18	4,93	6,69
Swartes	4,39	1,63	3,29	4,98
Geraamde gemiddelde jaarlikse groeikoerse in die vraagvolume na vrugte (%)				
	5,20	2,40	4,60	6,80

* Die gemiddelde jaarlikse groeikoerse in die vraagvolume na vrugte is geraam as die produk van die koëffisiënte van die gemiddelde inkomelastisiteit van die vraag na vrugte en die gemiddelde jaarlikse groeikoerse van die reële *per capita* persoonlike inkompe tussen 1980 en 2000. Die berekening is vir elke bevolkingsgroep afsonderlik gedoen (met die toepaslike koëffisiënte van die inkomelastisiteit van die vraag na vrugte (kyk Tabel 1) en die jaarlikse groeikoerse van die reële persoonlike *per capita*-inkome) en geweeg met die verwagte bevolkingsamestelling teen 2000 (kyk Tabel 2).

** Ramings I, II en III vir die jaar 2000 is gebaseer op reële groeikoerse van die BBP van onderskeidelik 3,2 persent 4,6 persent 6,1 persent per jaar tussen 1980 en 2000.

Bron: Verwerk uit Tabelle 1, 2 en 3.

Tabel 8: Die moontlike binnelandse vraagvolume na die belangrikste sagtevrugteprodukte teen die jare 2000 en 2010, afgelei met behulp van die ekstrapolasie van verbruikstendense van 1960 tot 1987 met 'n situatieskets vir 1985

1985	Per capita verbruik (kg) ..		1985	Binnelandse vraagvolume *								
	2000	2010		Raming A	2000***		2010***		Raming A	2010***		
					'000 ton	% groei per jaar	'000 ton	% groei per jaar		'000 ton	% groei per jaar	'000 ton
Varsvrugte:												
Appels	5,0	7,0	8,3	157,8	241,4	2,7	314,5	4,2	294,8	2,4	444,8	3,9
Tafeldruiwe	0,8	0,8	0,9	25,2	37,8	3,9	35,0	3,2	55,4	3,9	46,2	3,0
Perskes	0,8	1,0	1,1	24,6	38,9	2,0	45,1	2,9	45,6	1,8	57,7	2,7
Pere	0,7	1,1	1,6	23,9	56,9	6,0	51,6	5,2	102,5	6,0	84,9	5,2
Pruime	0,2	0,1	0,1	4,8	6,3	1,1	5,6	0,4	7,0	1,0	5,4	0,1
Inmaakvrugte:												
Perskes	0,4	0,6	0,6	13,0	27,9	3,8	25,0	3,0	40,5	3,8	31,8	2,7
Pere	0,3	0,5	0,8	9,1	27,1	6,8	24,3	6,0	52,5	6,8	43,2	5,9
Droëvrugte:												
Sultanatipes	0,5	0,4	0,4	14,3	17,8	1,7	18,7	2,0	20,5	1,6	22,0	1,0
	0,2	0,2	0,2	5,1	7,4	2,0	8,1	2,5	8,7	1,8	10,1	2,4

* Vraagvolume word getoon in varsekivalente tonnemaat, behalwe in die geval van droëvrugte, waarvan die vraagvolume in gedroogte tonnemaat getoon word.

** Geraam met behulp van ekstrapolasie van *per capita*-verbruikstendense van 1968 tot 1987.

*** Raming A behels 'n ekstrapolasie van die binnelandse verbruiksvolumetendense van 1960 tot 1987, terwyl raming B gedoen is met die ekstrapolasie van *per capita* binnelandse verbruikstendense van 1960 tot 1987 en verwagte bevolkingsgrootte.

**** Geraamde gemiddelde jaarliks saamgestelde groeikoerse tussen 1987 en 2000, soos bereken met die beraamde waardes van begin- en eindpunt van elke periode as uitgangspunt.

***** Geraamde gemiddelde jaarliks saamgestelde groeikoerse tussen 1987 en 2010, soos bereken met die beraamde waardes van die begin- en eindpunt van elke periode as uitgangspunt.

Bron: Verwerk uit Tabelle 5 en 6.

die groeikoers van die BBP wat in die vooruitsig gestel word, en andersyds teëgewerk word deur verbeterde bemarkingstrategieë en die positiewe invloed op markpotensiaal van die sterk verstedelikingstendens by Swartes wat tans nog onvolledig geïnterpreteer is.

Dit blyk dus dat daar selfs teen 'n relatief lae gemiddelde ekonomiese groeikoers van tussen 3 en 3,5 persent per jaar tussen 1980 en 2000 'n goeie binnelandse markpotensiaal vir sagtevrugteprodukte is. Hierdie markpotensiaal hang van die volgende af:

- Toepaslike binnelandse bemarkingstrategieë vir sagtevrugteprodukte wat die groeiende geleenthede in die verskillende marksegmente ("Eerste- en Derdewêreldsituasies") in die hoofmetropole en ander gebiede kan uitbuit.
- Effektiwiteit en doeltreffendheid in die primêre produksieproses ten einde te verseker dat pryse mededingend is relatief tot ander luukse voedselsoorte op die binnelandse mark.

Die deurvoering van toepaslike bemarkingstrategieë is egter afhanklik van bemarkingsinligting oor die aard en omvang van die binnelandse mark vir sagtevrugteprodukte. Vanweë die relatief groter klem op buitelandse bemarking in die verlede bestaan daar 'n tekort aan geskikte inligting oor die binnelandse mark. Die beskikbaarheid van markinligting is van deurslaggewende belang vir die formulering van 'n toepaslike binnelandse bemarkingstrategie wat as gedeeltelike teenvoeter kan dien vir handelsanksies deur buitelandse handelsvennote.

5. OPSOMMING

Die vraag na sagtevrugteprodukte is relatief inkomelasties en sal dus in aansienlike mate deur die *per capita*-inkome (koopkrag) van die Suid-Afrikaanse bevolking beïnvloed word. Omgewingskrake wat die binnelandse verbruiksneigings van sagtevrugteprodukte in die toekoms kan beïnvloed, word aangedryf deur strukturele veranderinge in die demografiese patrone en in die struktuur en groeipotensiaal van die Suid-Afrikaanse ekonomie. Die toekomstige binnelandse markpotensiaal vir sagtevrugteprodukte sal dus in groot mate afhang van die ekonomiese groeikoers, of anders gestel, die ontwikkelingspatrone in die ontwikkelde en minder ontwikkelde sektore ("Eerste en Derde Wêreld") en die ekonomie. 'n Sterk groeitendens in die ekonomie sal in aansienlike mate afhang van die skepping van 'n aanvaarbare sosio-ekonomiese en politieke bestel vir Suid-Afrika en die ontplooiing van 'n omvangryke informele ekonomiese sektor langs 'n relatief sterk ontwikkelde formele sektor in Suid-Afrika. Dit blyk dat daar selfs teen 'n relatief lae ekonomiese groeikoers van tussen 3 persent en 4 persent per jaar, maar veral teen hoër groeikoerse, 'n gunstige markpotensiaal vir sagtevrugteprodukte (veral varsvrugte en vrugtesappe) in Suid-Afrika bestaan. Toepaslike bemarkingstrategieë is egter 'n voorvereiste vir die benutting van hierdie markpotensiaal.

5. NOTAS

1. Nagenoeg 65 persent van die volume van die sagtevrugte-oes word tans uitgevoer, volgens inligting verstrek deur die Raad vir Inmaakvrugte, die Droëvrugteraad en die Sagtevrugteraad.
2. Sedert 1976 het die reële verdienste per Swart werknemer met gemiddeld nagenoeg 2,8 persent per jaar gestyg, teenoor 0,7 persent per jaar in die geval van Blanke werknemers (Buro vir Ekonomiese Navorsing, 1984: 40).
3. Randwaardes verteenwoordig 1980-prysvlakke.

6. VERWYSINGS

BURO VIR EKONOMIESE NAVORSING. (1984). Neigings, Vol 7, No 3. Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch.

BURO VIR MARKNAVORSING. (1980). Navorsingsverslag No 77. Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.

CILLIERS, SP en GROENEWALD, GJ. (1982). Stedelike groei in Suid-Afrika, 1936 - 2000 (1980 getalle). Departement Sosiologie, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch.

DOSTAL, E. (1984). Manpower: Supply and demand 1980 - 2000. Instituut vir Toekomsnavorsing, Bulletin No. 3, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch.

FOKUS OP DIE EKONOMIESE KERNVRAE. (1985). Nr 36: Industrialisasie en groei. Mercabank, Johannesburg.

GROBBELAAR, JA. (1983). Projections and analysis of the South African population for the period 1980 - 2015. Instituut vir Toekomsnavorsing, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch.

INSTITUUT VIR TOEKOMSNAVORSING. (1985). Initial effect of income distribution on personal consumption expenditure. Ongepubliseerde navorsingsresultate, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch.

LAUBSCHER, J. (1987). Strategiese beplanning van 'n Landboubedryf. Agrekon, Vol 26, No 3.

ROUKENS DE LANGE, A en VAN EEGHEN, PH. (1984). Employment in South Africa: evaluation and trend analysis. 'n Verslag aan die Nasionale Mannekragskommissie. Instituut vir Toekomsnavorsing, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch.

SPIES, PH. (Red.). (1983). Urban-rural interaction in South Africa. Instituut vir Toekomsnavorsing, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch.

SPIES, PH. (1987). Business Futures. Instituut vir Toekomsnavorsing, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch.

VAN DEN BERG, S. (1983). Long-term growth in South Africa. Instituut vir Toekomsnavorsing, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch.

VAN DER WALT, INA *et al.* (1984). An investigation into the probable future of Black expenditure. George Huysamer and Partners, Inc., Members of the Johannesburg Stock Exchange, Johannesburg.

7. SUMMARY

The demand for deciduous fruit products is relatively income elastic and will thus be influenced considerably by *per capita* income of the South African population. Forces that could influence the domestic consumption trends of deciduous fruit products are driven by structural changes in demographic patterns and in the structure and growth potential of the South African economy. A strong growth trend in the economy will depend on the creation of an acceptable socio-economic and political dispensation in South Africa and the development of an extensive informal economic sector next to a relatively strong developed sector. It seems that even at relatively low economic growth rates of between three per cent and four per cent per annum, but more likely at higher growth rates, a favourable market potential exists for deciduous fruit products, especially fresh fruit and fruit juices, in South Africa. Adopted marketing strategies however are a prerequisite for realizing this potential.